# Nederlands taalverwerving voor Zuid Afrikane

## NEDERLANDSE TAALVERWERWING VIR SUID-AFRIKANERS

## *Dutch language acquisition for South Africans*

DRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFTDRAFT

Die dokument vertel jou hoe die aanlynkursus opgestel is en wat jy eerste moet doen en hoe jy jou werk moet struktureer om tydig deur die loop van die kursus te kom. Alles wat in AFRIKAANS geskryf is, is in HOOFLETTERS, alles in **Nederlands** is in **vetdruk** geskryf en alles in *Engels* verskyn in *skuinsdruk*. Die dokument is geheel ook in Engels beskikbaar. Al die assesseringstake is in rooi aangedui en alles wat met klank of uitspraak te make het, verskyn in groen.

**Nederlandse woorde verskyn in vetdruk.**

AFRIKAANSE WOORDE/TEKS VERSKYN in HOOFLETTERS.

*Engelse voorbeelde/woorde verskyn in skuinsdruk.*

# 1. WELKOM

BESTE STUDENT,

NA AFLOOP VAN DIE KURSUS (14 FORMELE STUDIEWEKE) EN DIE KONTINUE ASSESSERINGS, SAL JY GENOEG WEET OM TE OORWEEG OM AAN TE MELD VIR DIE JAARLIKSE INTERNASIONALE EKSAMEN VIR NEDERLANDS AS VREEMDETAAL (*CNaVT*). DIE KURSUSMATERIAAL IS OPGESTEL OM JOU TE BEMAGTIG OM SELF VERDER VOORT TE GAAN OM JOU VAARDIGHEID IN NEDERLANDS TE VERBETER. MENSE SOOS JY, WAT 'N VOORKENNIS VAN AFRIKAANS HET, HET 'N BEPAALDE VOORDEEL WANNEER JULLE NEDERLANDS AANLEER, WANT RUIM 60% VAN DIE WOORDESKAT IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS IS DIESELFDE.

TERWYL DIE KURSUSADMINISTRASIE AFGEHANDEL WORD EN VOOR JY MET TEMA 1 BEGIN, MOET JY ASB. REEDS BEGIN MET DIE ERVARING OM 'N NUWE TAAL AAN TE LEER – EN IN DIÉ GEVAL, NEDERLANDS.

DIE IKONE, bv. ♫ WAT HIER GEBRUIK WORD, WORD KONTINU IN DIE KURSUSMATERIAAL GEBRUIK SODAT JY MAKLIK KAN SIEN WATTER ASPEKTE BYVOORBEELD MET ASSESSERING OF UITSPRAAK OF MUSIEK, ENS. TE MAKE HET.

## 1.1. HOE OM NEDERLANDS TE LEER PRAAT

KRY 'N LEEFSTYL WAT NEDERLANDS ADEM!

MAAK SEKER JY KRY GENOEG BLOOTSTELLING AAN 'N VREEMDETAAL (NEDERLANDS) BUITE DIE LAND WAAR DIE TAAL AS HUISTAAL GEBRUIK WORD, DEUR DIE VOLGENDE TE DOEN:

1. STEL NOU REEDS JOU SELFOON (**GSM/ MOBIELTJE** IN NEDERLANDS) SE TAALFUNKSIE OP NEDERLANDS (*DUTCH*). IN PLAAS VAN "*MESSAGE*" OF "*MUTE*" IN ENGELS SAL JOU FOON SE FUNKSIETAAL NOU **BERICHT** EN **STILLE MELDINGEN** AANDUI EN DIÉ BETEKENIS IS AFLEIBAAR VIR MENSE MET 'N VOORKENNIS VAN AFRIKAANS. SODOENDE BREI JY DAAGLIKS SONDER INSPANNING JOU WOORDESKAT UIT.

2. GEBRUIK DIE "GPS" OP JOU SELFOON IN NEDERLANDS SELFS AL STAP OF RY JY NA PLEKKE WAARVAN JY DIE AANWYSINGS GOED KEN. JY SAL HEELWAT UITSPRAAKKOMPETENSIE EN WOORDESKAT VERWERF AS JOU GPS BYVOORBEELD AANDUI: "**OVER DRIE METER LINKS AFSLAGEN BIJ DE RONDOM.**"

3. LAAI DIE KURSUSMUSIEK AF OP 'N GEHEUESTOKKIE/ CD SODAT JY IN JOU MOTOR OF WANNEER JY TUIS DOENIG IS NA DIE MUSIEK KAN LUISTER. AS 'N MENS MINSTENS TWEEKEER NA DIE MUSIEK MET DIE TEKS (LIRIEK) LUISTER, VOORDAT JY DIT NET SOOS ALLE ANDER MUSIEK NET IN OUDIO-FORMAAT GENIET, WORD DIT BAIE MAKLIK OM LATER SPONTAAN JOU ORE IN TE STEM OP DIE NUWE KLANKE VAN VERSKEIE SANGERS/SPREKERS. JY SAL GOU GENOEG AGTERKOM VAN WATTER KUNSTENAARS JY HOU SODAT JY NOG VAN HUL MUSIEK AANLYN KAN GAAN AANKOOP OF OPSOEK.

4. LAAI TOEPASSINGS (*APPS*) OP "PLAYSTORE" VIR JOU SELFOON IN **NEDERLANDS** AF WAARMEE JY DIE NUUS KAN VOLG EN DIE WEERVOORSPELLING KAN SIEN OF BYBEL KAN LEES. MET SULKE KONTINUE BLOOTSTELLING IN JOU DAAGLIKSE LEWE SAL DIT MOONTLIK WEES DAT JY BAIE GOU AAN DIE IDIOMATIESE UITDRUKKINGS GEWOOND RAAK OMDAT JY REEDS INHOUDELIK GROOTLIKS VERTROUD IS MET BV. WEERVOORSPELLINGS, NASIONALE EN INTERNASIONALE NUUS EN WAARHEDE UIT BYVOORBEELD DIE BOEK SPREUKE. NOU HOOR EN LEES JY DIT NET IN NEDERLANDS.

5. KYK SOVEEL MOONTLIK NA NEDERLANDSTALIGE FILMS (MET ONDERSKRIFTE IN ENGELS OF NEDERLANDS), BYVOORBEELD UIT DIE LYS TITELS IN DIE KURSUS. KYK NA NEDERLANDSTALIGE TV-PROGRAMME OP DSTV. SULKE GREPE ONTSPANNING IN 'N VREEMDETAAL BETEKEN BLOOTSTELLING WAARBY JOU UITSPRAAK EN WOORDESKAT SAL BAAT. UITSPRAAK EN WOORDESKAT WORD WEL OOK KONTINU EN NA AFLOOP VAN DIE 14 WEKE GEASSESSEER SOOS DIE KURSUSKALENDER OOK AANDUI.

6. BELÊ IN DIE AANKOOP VAN 'N AANLYN- OF PAPIERWOORDEBOEK VIR NEDERLANDS/ AFRIKAANS (*ANNA*) OF NEDERLANDS/ENGELS (*VAN DALE POCKET WOORDENBOEK*). IN DIE INTERNASIONALE EKSAMEN (*CNaVT*) MAG JY OOK JOU EIE WOORDEBOEK GEBRUIK TYDENS DIE SKRYFGEDEELTE VAN DIE EKSAMEN.

## 1.2. AGTERGROND TOT DIE VERSKIL TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS.

DIE GROOT VARIASIE TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS LÊ IN DIE SPELLINGSVERSKILLE EN DIE UITSPRAAKVERSKILLE. DIE SPELLINGSVERSKIL MET AFRIKAANS LAAT DIT OP DIE OOG-AF LYK OF DIT 'N TOTAAL ANDER TAAL IS, TOTDAT JY BEWUS IS VAN DIE PATROONMATIGE VERSKIL TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS WAT SPELLING EN OOK UITSPRAAK BETREF.

'N EENVOUDIGE VOORBEELD HIERVAN IS DIE WOORDE **BLAUW, ZOEN** EN **POLITIE** WAT IN

AFRIKAANS EN ENGELS ONDERSKEIDELIK BLOU/ *BLUE*, SOEN, *KISS* EN POLISIE/*POLICE* IS. JY SAL IN DIE SPELLINGSAFDELING BEWUS GEMAAK WORD VAN DIE PATROONMATIGE WISSELING VAN DIE -**AUW** IN NEDERLANDS MET -OU IN AFRIKAANS EN DIE -**Z** IN NEDERLANDS MET DIE -S IN AFRIKAANS ASOOK DIE -**TIE** IN NEDERLANDS EN DIE -SIE IN AFRIKAANS, ENS. IN AFRIKAANS. SODRA JY HIERVAN BEWUS IS, VAL 'N GROOT DEEL VAN DIE VREEMDHEID TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS WEG.

UITSPRAAK IS NOODWENDIG OOK ANDERS EN IN DIE VERBAND IS DAAR IN DIE LUISTER/SPRAAKAFDELING HEELWAT HULP EN OEFENINGE (WAT OPBOU IN KOMPLEKSITEIT) OM JOU TE HELP OM JOU OOR (KLANK) EN OOG (TEKS) TE "VERSOEN".

DAAR SAL IN DIE KURSUS NATUURLIK OOK NUWE WOORDESKAT VERWERF WORD EN JY SAL KENNIS NEEM VAN DIE GRAMMATIKALE VERSKILLE IN DIE GRAMMATIKA-OORSIG TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS VERAL WAT BETREF ASPEKTE SOOS DIE LIDWOORDGEBRUIK (DIE EN 'N), VOORNAAMWOORDGEBRUIK (EK EN MY VS. **IK** EN **MIJ**, ENS.) EN VERAL OOK DIE GEBRUIK VAN WERKWOORDE OMDAT TYDSAANDUIDING IN NEDERLANDS VERAL WAT DIE VERLEDE TYD BETREF SOVEEL VAN AFRIKAANS VERSKIL. DIE GRAMMATIKALE STRUKTUUR VAN DIE VERLEDE TYD IN NEDERLANDS IS SOORTGELYK AAN DUITS, FRANS EN ENGELS EN DUS VEEL MEER KOMPLEKS AS IN AFRIKAANS. DAAR IS IN DIE BOEKRAK: GRAMMATIKA-OORSIG 'N KRIPTIESE OPSOMMING VAN DIE WERKWOORDSTRUKTUUR NAAS DIE VOLLEDIGE VERDUIDELIKING.

## 1.3. WIE BEHOORT VIR DIE KURSUS IN NEDERLANDS TE REGISTREER?

HIERDIE KURSUS IS SAAMGESTEL VIR SUID-AFRIKANERS (MET 'N VOORKENNIS VAN AFRIKAANS) WAT WIL LEER NEDERLANDS PRAAT. KANDIDATE WAT DIE KURSUS SUKSESVOL VOLTOOI HET, SAL OP GROND VAN HUL SUKSES KAN AANSOEK DOEN OM DIE ***CNaVT*** (INTERNASIONALE EKSAMEN VIR NEDERLANDS AS VREEMDETAAL) TE SKRYF. DOEN NAVRAAG BY DIE KURSUSORGANISEERDER (DOSENT) OF OP DIE WEBBLAD VAN DIE NEDERLANDSE TAALUNIE (***NTU***), http://taalunie.org/ OF

http://taalunieversum.org/inhoud/cnavt

*This course has been compiled for South Africans (with some knowledge of Afrikaans) who want to learn to speak Dutch. Candidates who have completed the course successfully, will be able to apply to*

*write the **CNAVT** (International Exam for Dutch as Foreign Language). Please contact the course co-ordinator for more information, or visit the website of the Dutch Language Union (N**TU**) at http://taalunie.org/ OR* http://taalunieversum.org/inhoud/cnavt

## 1.4. ONTMOET DIE KURSUSVOOGDOSENTE

| UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT | UNIVERSITEIT VAN PRETORIA |
| --- | --- |
|  |  |
| PROF. ANGELIQUE VAN NIEKERK<br>vnieka@ufs.ac.za<br>Tel: +27 51 401 2816 | PROF. HENDRINA BOSMAN<br>nerina.bosman@up.ac.za<br>Tel: +27 12 420 2335 |

NTU KONTAKBESONDERHEDE / *NTU Contact detail*:
TEL: + 31 70 346 95 48 (WERKSURE VAN / *Office hours from* 09.00-17.00)
FAKS / *Fax* : + 31 70 365 98 18
TEL IN BRUSSEL: + 32 2 203 66 73
E-POS ALGEMEEN / *E-mail general:* info@taalunie.org
E-POS MEDEWERKERS / *E-mail co-workers: voorletterachternaam@taalunie.org*

# 2. FORMAAT

ELKE TEMA/AFDELING VAN DIE KURSUS HET SEKERE VOORVEREISTES VOORDAT DAAR NA 'N VOLGENDE TEMA/AFDELING GEVORDER KAN/MOET WORD.

SELFSTUDIEVRAE MET MEMORANDA MAAK DEEL UIT VAN DIE KURSUSOPBOU IN 10 VAN DIE TEMAS (TEMA 4 – 13).

RAADPLEEG DIE MEMORANDA IN ALLE GEVALLE EERS NADAT JY SELF DIE BEPAALDE OPDRAGTE PROBEER DOEN HET, WANT JY MOET DIT KAN TOEPAS OP ONGESIENE TEKSTE IN DIE EINDASSESSERING.

DAAR WORD IN ELKE TEMA (TEMA 4 – 13) DIESELFDE FORMAAT GEBRUIK. TIEN TEKSTE OOR DORPE EN STEDE UIT BELGIË EN NEDERLAND WORD ONDERSKEIDELIK GEBRUIK OM STUDENTE TE BEGELEI IN DIE VERWERWING VAN DIE NODIGE GRAMMATIKAKENNIS. DIE FORMAAT WAT GEBRUIK WORD, IS:

- TEKS, BEGRIPSVRAE EN WOORDESKATVRAE IN NEDERLANDS (TIEN TEKSTE EN OEFENINGE MET MEMORANDUM)
- TEKS, GRAMMATIKAVRAE IN NEDERLANDS (TIEN TEKSTE EN OEFENINGE MET MEMORANDUM).

DIESELFDE FORMAAT WORD GEBRUIK VIR EEN DEEL VAN DIE FINALE ASSESSERINGSSTOETS.

DAAR IS WEEKLIKS (WEEK 4 – 13) SELFSTUDIESPREEKOEFENINGE WAARDEUR DIE KORREKTE UITSPRAAK GEOEFEN KAN WORD MET BEHULP VAN DIE TOEPASSING acapela box OP GOOGLE.

## 2.1. ONDERSTEUNINGSMATERIAAL

ONDERSTEUNINGSMATERIAAL KAN EN MOET KONTINU GEBRUIK WORD WAAR DIT OOK AANGEDUI IS VIR DIE ASSESSERINGS IN DIE KURSUSSKEDULE WANT DIT MAAK DEEL UIT VAN DIE ASSESSERINGS:

- MUSIEK: TEKS, OUDIO- EN OOPSINOEFENINGE: OM TE OEFEN IS DEEL VAN KONTINUE ASSESSERING IN DIE VERSKILLENDE TEMAS.
- / FILMS: LYS VAN TITELS TER OORWEGING IS INGESLUIT. KYK WEL

MINSTENS TWEE NEDERLANDSTALIGE FILMS UIT DIE LYS VIR DIE FILMSKRYFOPDRAG.

DIE KONTINUE EN FORMELE ASSESSERINGSLYS IS DEEL VAN DIE ONDERSTEUNING.

- / KLANKE: DEEL VAN TEMA 2: OEFEN DIT KONTINU OM JOU UITSPRAAK TE VERBETER.
- DIALOOGTEMPLATE (TEKSDIALOOG EN OUDIO-DIALOOG): OEFEN DIT MET 'N MAAT AS JY KAN TER VOORBEREIDING VAN DIE MONDELING EN UITSPRAAKTOETS.
- WOORDESKATLYS EN BLOKKIESRAAISELS
- / GRAPPIES: TEKS, OUDIO-WEERGAWE EN VISUELE HULP: DEEL VAN WEEK 3 EN DIE ASSESSERING.
- DIALOOGTEMPLATE: OOK VIR INDIEN (TEKSDIALOOG EN OUDIO-DIALOOG): OEFEN DIT MET 'N MAAT AS JY KAN EN DIEN DIE OUDIO-OPDRAGTE IN AS DEEL VAN DIE ASSESSERING IN DIE VERSKILLENDE TEMAS.

Commented [BJ1]:

- / / LANDESKUNDE DVD'S OOR NEDERLAND EN BELGIË: GEBRUIK DIE MATERIAAL OP BLACKBOARD (DVD EN TEKSTE OOR DORPE EN STEDE) AS INHOUDELIKE AGTERGROND VIR JOU MONDELING.
- LEGKAARTE: HOE LYK DIE STEDE IN NEDERLAND EN BELGIË? GEBRUIK DIE LEGKAARTE EN DIE DVD'S AS HULP VIR BOGENOEMDE MONDELINGE-OPDRAG IN WEEK 13: VERTEL IN 400 WOORDE OOR 'N BEPAALDE PLEK IN NEDERLAND EN/OF BELGIË WAT JY GRAAG WIL BESOEK OF WAAR JY AL WAS. GEBRUIK DIE INLIGTING IN DIE KURSUS AS BASIS.
- / SPELLINGSVERSKILLE TUSSEN NEDERLANDS EN AFRIKAANS (OOK DEEL VAN TEMAS EN EINDTOETS).

- ACAPELA BOX: LUISTER NA JOU EIE GESKREWE TEKS OM DIE KORREKTE UITSPRAAK IN NEDERLANDS TE HOOR. GEBRUIK DIT OM SPREEKOEFENINGOPDRAGTE OOR DIE VERSKILLENDE STEDE EN DORPE VAN WEEK 4 – 13 OP TE NEEM EN IN TE DIEN.

## 2.2. GRAMMATIKA-OORSIG: BOEKRAK

MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY SELF GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORD OP VAN DIE VRAE IN ELKE TEMA (TEMA 4 – 13; DORPE EN STEDE). DIE OEFENINGE IN ELKE TEMA SE ANTWOORDE WORD VERSKAF, MAAR JY MOET PROBEER OM UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG (OF ANDER AANBEVOLE BRONNE IN DIE BRONNELYS) DIE REDE/MOTIVERING VIR DIE ANTWOORD IN DIE TEMAS TE VIND. DIT SAL HELP OM SEKER TE WEES JY VERSTAAN DIE STRUKTUUR VAN DIE NEDERLANDSE GRAMMATIKA GOED GENOEG OM JOUSELF VERDER TE KAN BEMAGTIG.

VRAE EN TEKSTE SOORTGELYK AAN DIE TEMAS (TEMA 4 – 13) SAL IN DIE EINDTOETS VIR DIE FINALE ASSESSERING GEBRUIK WORD. DIE TEKS VAN DIE EINDTOETS IS ’N ONGESIENE TEKS. JY SAL JOU GRAMMATIKA-KENNIS (UIT TEMA 4 – 13) DAN OP ‘N ONGESIENDE TEKS MOET KAN TOEPAS.

NAAS DIE SOORTGELYKE VRAE IN DIE EINDTOETS IS DAAR IN DIE EINDTOETS OOK ’n ONGESIENE VERTALING UIT NEDERLANDS NA IDIOMATIESE AFRIKAANS of ENGELS. DAAROM IS SOVEEL MOONTLIKE BLOOTSTELLING AAN DIE NEDERLANDSE TAAL SO BELANGRIK.

## 2.3. FORMAAT VAN DIE TEMAS 4 – 13

GAAN EERS VOORT NA DIE VOLGENDE TEMA AS JY DIE HUISWERK (OEFENINGE EN MEMORANDUM) VAN DIE VORIGE TEMA GEDOEN HET. DIE TEMA SAL TOE BLY TOTDAT JY DIE VORIGE TEMA SE WERK AFGEHANDEL HET. *(BELINDA GAAN DIE PROGRAM NOG SO OPSTEL*)

- VYF TEKSTE OOR NEDERLANDSE DORPE/STEDE: TEKS, VRAE IN NEDERLANDS (BEGRIP EN WOORDESKAT), MEMORANDUM
- VYF TEKSTE OOR BELGIESE DORPE/STEDE: TEKS, VRAE IN NEDERLANDS

(GRAMMATIKA EN REËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG), MEMORANDUM

## 3. KURSUSSKEDULE

<u>WEEK 1</u>: SPELLING EN STUDENTE GAAN VOORT MET 'N TALIGE LEEFSTYL IN NEDERLANDS SOOS IN DIÉ DOKUMENT VOORGESTEL IS.

LEES IN JOU BOEKRAK DEUR DIE <u>SPELLINGSVERSKILLE</u> TUSSEN NEDERLANDS EN AFRIKAANS SODAT NEDERLANDS VIR JOU AL MINDER VREEMD SAL LYK OMDAT JY REEDS VOORKENNIS VAN AFRIKAANS HET. MERK DAN IN AL DIE TEKSTE WAT JY VANAF DIE WEEK LEES DIE PATROONMATIGE SPELLINGSVERSKILLE MET AFRIKAANS BV. Z VS. S (**ZOMER**, **ZONDAG**), **AU** VS. OU (**BLAUW**, **GAUW**).

<u>'N ENKELE GRAMMATIKAREËL PER WEEK</u>: WEEK 1:

<u>HET</u> EN <u>IS</u> IN AFRIKAANS: <u>**HEBBEN**</u> EN <u>**ZIJN**</u> IN NEDERLANDS. LEES DIE ENKELE PARAGRAFIE IN DIE BOEKRAK OM DIE VERSKIL TUSSEN BV. DIE VORM VAN DIE WERKWOORD IN DIE ENKELVOUD EN MEERVOUD TE SIEN. SOEK DAN VOORTAAN NA **HEBBEN** EN **ZIJN** IN DIE KURSUSTEKSTE EN VERAL IN DIE MUSIEKTEKSTE/GRAPPIETEKSTE OM DIE REËL SE TOEPASSING TE KAN BEMEESTER.

<u>WEEK 2</u>: KLANK EN UITSPRAAK / (KLANKE, DAE VAN WEEK, MAANDE VAN JAAR, GETALLE, GRAPPIETEKSTE) EN GAAN VOORT MET 'N TALIGE LEEFSTYL IN NEDERLANDS SOOS IN DIÉ DOKUMENT VOORGESTEL.

/ <u>UITSPRAAKTOETS IN WEEK 2</u>

LUISTER EN LEES DEUR A) KLANKLYS (DAE VAN DIE WEEK, ENS.) EN B) DIE GRAPPIETEKSTE IN DIE GIDS EN IN DIE OUDIOFORMAAT VAN DIE KURSUS SODAT JY JOU TONGVAL SO KAN NABOOTS, VERAL OOK WANNEER JY WEEKLIKS AL MEER MUSIEKTEKSTE OOPMAAK EN BELUISTER. DIT IS NOODSAAKLIKE VOORBEREIDING VIR DIE UITSPRAAKLEESTOETS (GRAPPIETEKSTE).

<u>'N ENKELE GRAMMATIKAREËL PER WEEK:</u> WEEK 2:

LEES IN DIE BOEKRAK IN DIE AFDELING OOR <u>LIDWOORDE EN AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE</u> MEER OOR DIE WOORDE <u>DIE</u> EN <u>DAARDIE</u> EN <u>HIERDIE</u> IN AFRIKAANS. DIT IS **DE**, **DEZE** IS DIE, VS **HET, DIT, DAT** IN NEDERLANDS, MAAR WANNEER MOET JY WAT GEBRUIK? RAADPLEEG DIE 3 TER SAKE BLADSYE IN DIE BOEKRAK!

WEEK 3: WOORDESKAT LEES DIE *PRET MET ANNA-BERIG* AS AGTERGROND VOOR JY BEGIN WOORDESKAT LEER EN GAAN VOORT MET 'N TALIGE LEEFSTYL IN NEDERLANDS SOOS IN DIÉ DOKUMENT VOORGESTEL.

DIE SELFSTUDIE BLOKRAAISELS / VIR WOORDESKATVERWERWING IS GESKOEI OP *ORANJE BOVEN* EN *VAN DALE* AANLEERDERSWOORDEBOEK.

/ WOORDESKATTOETS IN WEEK 3

LEES DEUR DIE WOORDESKATLYS IN DIE KURSUS EN MERK VERAL DIE WOORDE WAT OOK MET JOU VOORKENNIS VAN AFRIKAANS VIR JOU VREEMD IS. DIT SLUIT WOORDE SOOS **AAIEN** (STREEL IN AFRIKAANS), **LAARZEN** (STEWELS IN AFRIKAANS) **ZEUREN** (KLA WERKWOORD) IN AFRIKAANS. OP BASIS VAN DIE WOORDESKATLYS SAL JY DIE WOORDESKATTOETS (BLOKKIESRAAISELS) MOET DOEN. DAAR IS OOK OEFEN-WOORDSOEKSPELETJIES TER VOORBEREIDING VAN DIE BLOKKIESRAAISELTOETS WAT JOU WOORDESKATKENNIS GAAN EVALUEER. DIT IS GOEIE PRAKTYK OM SOOS WAT JY WEEKLIKS FILMS KYK, VIDEO-MATERIAAL IN DIE KURSUS RAADPLEEG EN NUWE MUSIEKTEKSTE BELUISTER, BY ELKE TEKS MINSTENS 5 NUWE WOORDE NEER TE SKRYF, WANT JY MAG DIT WEER TEËKOM IN DIE ONGESIENE VERTALING UIT NEDERLANDS IN DIE EINDTOETS.

'N ENKELE GRAMMATIKAREËL PER WEEK: WEEK3:

LEES IN DIE BOEKRAK: GRAMMATIKAGIDS ONDER DIE AFDELING VOORNAAMWOORDE NET DIE PARAGRAAF OOR PERSOONLIKE (EK EN MY ENS.) EN BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE (*WAT* IN AFRIKAANS) EN MERK NET DIT WAT VIR JOU ANDERS AS IN AFRIKAANS WERK. MERK NOU VOORTAAN IN AL DIE LIEDJIES EN TEKSTE IN DIE KURSUS OOK DIE BETREKLIKE EN PERSOOONLIKE VOORNAAMWOORDE SODAT JY DIE REËLS LATER SELF GEMAKLIK KAN TOEPAS VANAF WEEK 4.

WEEK 4: TEMA 4

AMSTERDAMTEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

AMSTERDAMTEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 4.

KYK OOK NA DIE WERKWOORD SE VORM IN DIE **PRESENS** (TEENWOORDIGE TYD). HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE TEENWOORDIGE TYD? DINK AAN DIE SOORTGELYKE VERSKILLE OOK IN ENGELS (BV. *I DRINK COFFEE / HE DRINKS COFFEE*).

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

♫ MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

> **Commented [BJ2]:** Ek kort 'n grammatika reêl vanaf week 4-13. Elke week eindig met 'n stukkie grammatika wat hul moet leer.

SPREEKOEFENING PER WEEK MET "ACAPELABOX"

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 4 OOR AMSTERDAM EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY AMSTERDAM WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**

**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

WEEK 5: TEMA 5

DELFTTEKS: WOORDESKAT EN BEGRIP EN MEMORANDUM

DELFTTEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA.

KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **IMPERFEKTUM**. HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE "EENVOUDIGE" VERLEDE TYD? WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN DIE SWAK EN STERK **IMPERFEKTUM**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **IMPERFEKTUM**? HOE VERTAAL ONS DIE **IMPERFEKTUM** NA AFRIKAANS? DINK AAN SOORTGELYKE VERSKILLE IN ENGELS (BV. *GO TO SCHOOL EVERY DAY/ I WENT TO SCHOOL LAST YEAR*).

RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS AGTER IN DIE BOEKRAK!

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

♫ MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

/ / LUISTER-/ UITSPRAAKOEFENING: **A**

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 5 OOR DELFT EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**

**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

WEEK 6: TEMA 6

GOUDATEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

GOUDATEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 6.

KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **PERFEKTUM**. HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE **PERFEKTUM**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **PERFEKTUM**? HOE VERTAAL ONS DIE **PERFEKTUM** NA AFRIKAANS? DINK OOK AAN DIE SOORTGELYKE SISTEEM IN ENGELS (BV. *HE HAS SPOKEN TO ME* / *THEY HAVE EATEN THE CAKE*.)

RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS IN DIE BOEKRAK!

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

/ / LUISTER-/ UITSPRAAKOEFENING: **B**

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 6 OOR GOUDA EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY GOUDA WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY

GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**“IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______.”**

**“IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________”**

WEEK 7: TEMA 7

MAASTRICHTTEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

MAASTRICHTTEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 7.

KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **PLUSQUAMPERFEKTUM**. HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE **PLUSQUAMPERFEKTUM**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **PLUSQUAMPERFEKTUM**? HOE VERTAAL ONS DIE **PLUSQUAMPERFEKTUM** NA AFRIKAANS? DINK OOK AAN ‘N SOORTGELYKE SISTEEM IN ENGELS (BV. HIER KORT NOG ′n VOORBEELD)

RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS IN DIE BOEKRAK!

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

/ / LUISTER-/ UITSPRAAKOEFENING: **C**

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 7 OOR MAASTRICHT EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY MAASTRICHT WIL BESOEK.

KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE “ACAPELLABOX” http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**
**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

WEEK 8: TEMA 8
ROTTERDAMTEKS: WOORDESKAT- EN BEGRIPSTOETS
ROTTERDAMTEKS: GRAMMATIKATOETS
SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 8.
KYK OOK NA DIE WERKWOORDE IN DIE **FUTURUM** (TOEKOMENDE TYD). HOE VERVOEG DIE WERKWOORD IN NEDERLANDS IN DIE **FUTURUM**? WANNEER GEBRUIK ONS DIE **FUTURUM** EN **DURENDE** TYD? HOE VERGELYK DIE BYWOORDE IN DIE TOEKOMENDE TYD MET AFRIKAANS (BV. EK GAAN VOLGENDE WEEK FLIEK TOE/ HULLE SAL OOR 'N PAAR WEKE DIE BOEK LEES).
RAADPLEEG TEN ALLE TYE DIE WERKWOORDLYS IN DIE BOEKRAK!
DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE ROTTERDAM-WOORDESKAT- EN BEGRIPSTOETS WORD GEASSESSEER EN MOET OPGELAAI WORD.

RAADPLEEG IN DIE BOEKRAK DIE VERSKIL TUSSEN **HEBBEN** / **HADDEN** EN **ZIJN** / **WAREN** WERKWOORDE AS HULPWERKWOORDE (SOOS AFRIKAANS SE HET OF IS OF WAS IN DIE SINNE: HY HET GISTER GEREIS OF HULLE WAS OP BESOEK GEWEES).

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

/ / / LUISTER-/ UITSPRAAKOEFENING: **D**

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX
LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 8 OOR ROTTERDAM EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY DIE DORP OF STAD WIL BESOEK.

KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.
GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.
NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN

DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**“IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______.”**

**“IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________”**

WEEK 9: TEMA 9

ANTWERPENTEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

ANTWERPENTEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 9.

RAADPLEEG IN DIE BOEKRAK OOK DIE AFDELING OOR DIE VERBUIGING VAN DIE ADJEKTIEF (ATTRIBUTIEWE E) M.A.W. WANNEER MOET DAAR ‘N E- BYGEVOEG WORD? (**DE RODE WIJN** MAAR **EEN ZWART SCHAAP**.)

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 9 OOR ANTWERPEN EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY ANTWERPEN WIL BESOEK.

KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE “ACAPELLABOX” http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**“IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______.”**

**“IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________”**

WEEK 10: TEMA 10

BRUGGETEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

BRUGGETEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 10.

RAADPLEEG OOK IN DIE BOEKRAK DIE AFDELING OOR VOORNAAMWOORDE SPESIFIEK BESITLIK (**ZIJN** **ZOON**/ **HAAR** **HOND**), VRAENDE (**WELKE** **KIND**) EN WEDERKERIGE VOORNAAMWOORDE (**ELKAAR**).

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

/ / / LUISTER-/SKRYFOPDRAG (FILMRESEPSIE)

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 10 OOR BRUGGE EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR.

SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY DIE DORP OF STAD WIL BESOEK.

KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**

**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

WEEK 11: TEMA 11

BRUSSELTEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

BRUSSELTEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 11.

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

/ / / / LUISTER-/ SPREEKOEFENING

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 11 OOR BRUSSEL EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR.
SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY BRUSSEL WIL BESOEK.
KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.
GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.
NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.
FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**

**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

WEEK 12: TEMA 12

GENTTEKS: WOORDESKAT, BEGRIP EN MEMORANDUM

GENTTEKS: GRAMMATIKATOETS

SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 12.
DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE WOORDESKAT EN BEGRIPSTOETS IS VIR OEFENING EN SELFSTUDIE, EN SLUIT DIE MEMORANDUM IN.

MUSIEK (OUDIO, LIRIEK EN OEFENING) VAN EIE KEUSE UIT DIE LYS ONDERSTEUNINGSMATERIAAL.

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 12 OOR GENT EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR.

SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY GENT WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**

**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

WEEK 13: TEMA 13

LEUVENTEKS: WOORDESKAT- EN BEGRIPSTOETS

LEUVENTEKS: GRAMMATIKATOETS SELFSTUDIE:

GRAMMATIKA-OORSIG: MERK OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AAN WAT JY GEKONTROLEER HET AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 13.

DOEN DIE GRAMMATIKATOETS EN LAAI DIT OP. DIE LEUVEN-WOORDESKAT- EN BEGRIPSTOETS WORD GEASSESSEER EN MOET OPGELAAI WORD.

/ / / / / MONDELING-OPNAME OOR DORP OF STAD

SPREEKOEFENING PER WEEK MET ACAPELABOX

LEES DIE TWEE TEKSTE VAN WEEK 13 OOR LEUVEN EN DOEN DIE LEGKAARTE DAAROOR. SKRYF TWEE SINNE NEER WAARIN JY MOTIVEER WAAROM JY LEUVEN WIL BESOEK. KONTROLEER DIE GRAMMATIKABEGINSELS IN JOU GRAMMATIKAGIDS.

GOOGLE "ACAPELLABOX" http://www.acapela-group.com/voices/demo/. PLAK DIE TEKS WAT JY GESKRYF HET DAARIN OM DIE UITSPRAAK TE KONTROLEER.

NEEM JOU TWEE SINNE (REDES) MET JOU EIE STEM IN OUDIOFORMAAT OP EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE WEEK VIR ASSESSERING IN.

FORMAAT:

**"IK WIL GRAAG NAAR __________ OP BEZOEK GAAN WANT _______."**

**"IK HEB GROOT INTERESSEN OM____________"**

# 4. LUISTER EN UITSPRAAK, PRAAT EN SKRYF

/ / / /

**Commented [BJ3]:** Hierdie hele nommer vier het ons op Moodle weggesteek omdat dit herhaal. Sien nommer 7: Tallverwerwing op Moodle. Dus dink ek hierdie hele deel moet da nook uitgehaal word. Mens kan dit eerder onder die week verdeling insit op vorige bladsye.

## 4.1. LUISTER: UITSPRAAK EN KLANKE

/ /

<u>WEEK 1:</u>

SEISOENE

GETALLE

DAE VAN DIE WEEK

MAANDE VAN DIE JAAR

## 4.2. LUISTER: UITSPRAAK (GRAPPIES)

/ /

<u>WEEK 2:</u>

DIE GRAPPIES IS IN TEKS- EN OUDIO-FORMAAT BESKIKBAAR OM TE OEFEN VOOR DIE ASSESSERING VAN JOU UITSPRAAK.

**HOE GEEF EK MIJN KAT EEN PIL**

EN GRAPPIES 1 – 12

/ / / STUDENTE MOET NA AFLOOP VAN WEEK 2 ENIGE TWEE GRAPPIES OF TWEE PARAGRAWE UIT DIE LANGER TEKS (KAT) HARDOP INLEES, STOOR EN INDIEN VIR UITSPRAAKASSESSERING.

## 4.3. LUISTER: BEGRIP EN WOORDESKAT

/

**BIOGRAFIESE INLIGTING NEDERLANDSE LIEDJIES VIR AANLEERKURSUS**

**SELEKSIE UIT: "DE KLEINKUNSTKOLLEKTIE, 2, 4, 5", BLØF/NAAKT ONDER DE STERRE, STEF BOS/DEMO**

**VOL. 4 ((P) 1997 POLYGRAM TV):**

1. **Opzij –** Herman van Veen (P) 1987 Polydor B.V. "In Vogelvlucht"
2. **Kl. 204 (Als ik god was)** – Peter Koelewijn (P) 1977 Mercury Records B.V.
3. **Laat me alleen** - Rita Hovink (P) Polygram NV/SA
4. **Pauline** – Bram Vermeulen (P) 1995 Virgin Belgium NV/SA
5. **Big city –** Tol Hansse (P) Red Bullet Productions
6. **Eva** – Boudewijn de Groot (P) 1968 Mercury Vol. 5 (P) 2004 Universal Music Belgium
7. **Dans me –** Yasmine (P) 2004 Skill Shot Sounds Sony/ATV Songs LLC
8. **Onzin** – Bram Vermeulen (P) 1983 Alibi Music Virgin
9. **Eenzame boot** – Jo Lemaire (P) 1998 Universal Music S.A.BE-003-98-00070 Warner Chappell Music LTD
10. **Bric à brac –** Willem Vermandere (P) 2003 Universal Music Belgium
11. **Anne –** Herman van Veen (P) 1986 Polydor B.V. Rock n Show Media Prod GMBH
12. **Twee mannen zo stil** – Frank Boeijen en Stef Bos (P) 1995 BMG Nederland B.V.
13. **Twee meisjes** – Raymond van het Groenewoud (P) 1996 EMI Vol. 2 (P) 1995 Polygram Belgium)
14. **Paarse schoenen** – De Berini's (P) 1995 V.O.F. Bløf EMI 1990 Munich Records "Naakt onder de Hemel/bløf"
15. **Wat zou je doen? –** Bløf (Postbus 5114, 4380 KC Vlissingen 1995 EMI
16. **Minder meer –** Stef Bos Demo-CD van Stef Bos

**Aanvullende musiek, sonder oefeninge LYS B**

**17.** **Jij en Ik –** Henk Dissel
**18.** **Iedereen is van de wereld –** Celine Cairo
**19.** **Recht uit M'n hart –** Jan Smit
**20.** **Blijf bij mij –** John West & Lange Frans
**21.** **Sexy als ik dans –** Nielson
**22.** **Juffrouw de Kok –** Vinzzent & Billy Dans
**23.** **Julia –** De Romeos
**24.** **Jij bent zo mooi –** De Romeos & Willy Sommers
**25.** **Laat het los –** Elke Buyle
**26.** **Over alle 7 zeeën –** Lindsay
**27.** **Vraag aan mij niet hoe –** Michael Lanzo

/ / OOPSINOEFENINGE EN SELFSTUDIE

STUDENTE MOET TUSSEN WEEK 3 TOT 13 TELKENS 'N NUWE LIEDJIE KIES OM TE BELUISTER EN DIE OEFENING TE DOEN (SELFSTUDIENASIEN) SOOS IN DIE KURSUSSKEDULE AANGEDUI IS.

## 4.4. LUISTER: DIALOOG

/

DIE DIALOOGTEMPLATE MAAK DIT MOONTLIK OM GESTRUKTUREERDE OEFEN-KANS TE KRY OM EENVOUDIGE GESPREKKE TE VOER IN 'N RESTAURANT, WINKEL, ENS.
OEFEN EN DIEN DIT IN SOOS AANGEDUI BY ELKE WEEK SE OPDRAGTE.

- TEKSDIALOOG:
  - DIALOOG A
  - DIALOOG B
  - DIALOOG C
  - DIALOOG D (AvN EN KAREN MOET D NOG OPNEEM BY IDEAS LAB)

## 4.5. LUISTER: KYK EN SKRYF (FILMS)

/ /

AANBEVOLE NEDERLANDSE FILMS
http://www.filmcrave.com/list_language_movie.php?language=Dutch

**Top-Tien Movies**
TOP-10 NEDERLANDSE FILMS VAN ALLE TYE
*Top-10 Dutch movies of all times*

**1. Spoorloos** (*The Vanishing*) (1988)
**2. Karakter** (*Character*) (1998)
**3. Linkeroever** (*Left Bank*) (2008)
**4. Rundskop** (*Bullhead*) (2012)
**5. Zwartboek** (*Black Book*) (2007)
**6. Noordzee, Texas** (*North Sea, Texas*) (2012)
**7. Wat zien ik** (*Diary of a hooker/Business is Business*) (1971)
**8. Jongens** (*Boys*) (2014)
**9. Spetters** *(Spetters)* (1980)
**10. si8n8** (*The Slaughter*) (2006)

AANBEVOLE BELGIESE FILMS

http://www.tasteofcinema.com/2017/the-13-best-belgian-movies-of-all-time/

**Top-tien Belgische Movies**

TOP-10 BELGIESE FILMS VAN ALLE TYE

*Top-10 Belgian movies of all times*

**1. Jeanne Dielman, 23, quai du commerce, 1080 Bruxelles** (Chantal Akerman) (1975)
**2. Rosetta** (Dardenne Brothers) (1999)
**3. Toto Le Héros** (Jaco Van Dormael ) (1991)
**4. The Broken Circle Breakdown** (Felix Van Groeningen) (2012)
**5. The Son** (Dardenne Brothers) (2002)
**6. Man Bites Dog** (Rémy Belvaux, André Bonzel, and Benoît Poelvoorde) (1992)
**7. The Promise** (Dardenne Brothers) (1996)
**8. The Memory Of A Killer** (Erik Van Looy) (2003)
**9. Daens** (Stijn Coninx) (1992)
**10. Ex Drummer** (Koen Mortier) (2007)

/ KYK MINSTENS TWEE NEDERLANDSTALIGE FILMS DEUR DIE LOOP VAN DIE KURSUS (14 WEKE) MET DIE OOG OP DIE ASSESSERINGSTAAK IN WEEK 10: FILMRESEPSIE: LUISTER EN SKRYF

## 4.6. LUISTER: MONDELING

/ / /

OUDIO- EN PRAATOPDRAG (**F**) OOR NEDERLAND EN BELGIË AS TOERISMEBESTEMMING: SIEN DIE DETAIL IN DIE ASSESSERINGSGEDEELTE VAN DIE KURSUS, WEEK 13.

# 5. ASSESSERING / 

## 5.1. WOORDESKAT

/ /

<u>WEEK 2:</u>

WOORDESKATTOETSE IS OPGESTEL OP BASIS VAN *ORANJE BOVEN* EN *VAN DALE POCKET WOORDENBOEK.*
OEFEN DIE WOORD<u>SOEK</u>OEFENINGE.

BESTUDEER VERAL DIE WOORDESKATLYS IN DIE ONDERSTEUNINGSMATERIAAL VOOR JY DIE WOORDESKAT<u>BLOKRAAISELS</u> PROBEER DOEN.

DIEN ENIGE 3 VAN DIE BLOKRAAISELS IN AS WOORDESKATTOETSE. (BELINDA, KAREN: HIERDIE FUNKSIE MOET NOG IN PROGRAM GEVOEG WORD)

## 5.2. UITSPRAAK: GRAPPIES

/ /

<u>WEEK 3:</u>

JY KRY/KIES ENIGE 3 GRAPPIES OF 2 PARAGRAWE VAN DIE LANG TEKS (**Hoe geef ik mijn kat een pil**) OM TE LEES EN DIEN DIT OUDIOFORMAAT IN. (BELINDA, KAREN: HIERDIE FUNKSIE MOET NOG IN PROGRAM GEVOEG WORD)

## 5.3. UITSPRAAK: DIALOOG

/ /

<u>INGEDEEL PER WEEK: WEEK 4 – 12</u>

A) TEKSDIALOOG A OM TE OEFEN

B) TEKSDIALOOG B OM TE OEFEN

C) TEKSDIALOOG C OM TE OEFEN

D) OUDIODIALOOG D OM TE OEFEN

E) OUDIODIALOOG E SLEGS EEN KANS, DIEN IN.(MOET NOG OPGENEEM WORD BY IDEAS LAB)

## 5.4. FILMRESEPSIE (LUISTER, SIEN EN SKRYF IN NEDERLANDS)

WEEK 10

KIES ENIGE TWEE FILMS UIT DIE AANGEHEGTE LYS TITELS OM TE KYK EN SKRYF JOU RESEPSIE DAARVAN IN 400 WOORDE IN NEDERLANDS NEER.

1. VRA JOU FASILITEERDER OF DIE KURSUSKO-ORDINEERDER OM JOU TE HELP MET TOEGANG TOT GESKIKTE FILMS INDIEN JY DAARMEE PROBLEME ONDERVIND.
2. JOU RESEPSIE MOET AANDAG GEE AAN:
   - A) WATTER TWEE FILMS HET JY GEKYK?
   - B) WIE IS DIE HOOFKARAKTERS VAN DIE ONDERSKEIE FILMS?
   - C) GEE DIE STORIELYN IN TWEE SINNE VAN ELK VAN DIE FILMS.
   - D) HOE VERSKIL DIE AARD VAN DIE TWEE FILMS VIR JOU?
   - E) BY WATTER FILM HET JY MEER AANKLANK GEVIND EN HOEKOM?
   - F) STOOR DIE WORD DOKUMENT EN DIEN IN.
   - G) SLUIT AF MET ‘NVERKLARING DAT DIT JOU EIE WERK IS EN DAN JY DAT DIE TEKS IN JOU EIE WOORDE GESKRYF IS. INDIEN JY SKULDIG IS AAN ENIGE VORM VAN PLAGIAAT SAL JY ALLE PUNTE VERBEUR VIR DIE KURSUS.
3. DIEN AAN DIE EINDE VAN WEEK 10 IN.

## 5.5. MONDELINGE VERSLAG OOR NEDERLAND/BELGIË AS TOERISMEBESTEMMING:

WEEK 13

OPDRAG:

1. VERTEL IN ’N 3-MINUTE TOESPRAAK VAN ’N PLEK IN NEDERLAND OF BELGIË WAT JY

FASSINEREND VIND OF WAARHEEN GRAAG WIL GAAN.

2. MOTIVEER JOU KEUSE DEUR NA BEPAALDE KENMERKE VAN DIE PLEK TE VERWYS.
3. GEBRUIK TER VOORBEREIDING VAN DIE TAAK:
    - PRIMÊR: OORSIG OOR NEDERLAND EN BELGIË (VIDEO'S IN DIE ONDERSTEUNINGSMATERIAAL)
    - TEKSTE OOR DORPE EN STEDE IN DIE KURSUS
    - LEGKAARTE (ONDERSTEUNIINGSMATERIAAL)
4. DIEN IN AAN DIE EINDE VAN WEEK 13.

## 5.6 LUISTER: KYK EN SKRYF



WEEK 4 – 13:

KONTINUE ASSESSERING/SELFSTUDIE DORPE EN STEDE: TEKS, TOETS

A. VYF TEKSTE OOR NEDERLAND EN BELGIË:
WOORDESKAT, BEGRIPSTOETSE EN MEMO'S VIR SELFNASIEN

B. VYF TEKSTE OOR NEDERLAND EN BELGIË:
GRAMMATIKATOETSE EN MEMO'S VIR SELFNASIEN

## 5.7. FINALE TOETS (WEEK 14)



WEEK 14:

FINALE TOETS (40% VAN DIE KURSUS SE TOTALE PUNTE) VIR ASSESSERING.

DIE EINDTOETS SAL IN PRESIES DIESELFDE FORMAAT WEES AS DIE VRAE (WOORDESKAT, BEGRIP EN GRAMMATIKA) IN TEMA 4 – 13; EN
DIE EINDTOETS SLUIT OOK 'N ONGESIENDE VERTALING VAN NEDERLANDS NA AFRIKAANS IN.
WENK WANNEER JY VERTAAL:
BEHOU DIE TYDSAANDUIDING VAN DIE TEKS.
BLY GETROU AAN DIE IDIOOM VAN AFRIKAANS/ ENGELS WANNEER JY VERTAAL UIT NEDERLANDS.
(AvN FINALE TOETS MOET NOG VOLTOOI WORD EN K OPGELAAI WORD)

**Commented [BJ4]:** Ek het nog nie die finale assessering nie – onthou da tons dit laai op Moodle.

# 6. BOEKRAK: GRAMMATIKAGIDS

## 6.1. OORSIG VAN DIE NEDERLANDSE GRAMMATIKA

HOE OM DIE GRAMMATIKA-OORSIG TE GEBRUIK:

MERK IN DIE GRAMMATIKA-OORSIG WEEKLIKS TWEE NUWE/ANDER TAALREËLS OF TEKEN IN JOU EIE WERKBOEK TWEE NUWE TAALREËLS PER WEEK (WEEK 4 – 13) AAN UIT DIE GRAMMATIKA-OORSIG AS DIE REDE VIR DIE ANTWOORDE OP VAN DIE VRAE IN TEMA 4 – 13 (20 TEKSTE OOR DORPE EN STEDE IN NEDERLAND EN BELGIË) WANT JY SAL DIE REËLS IN DIE EINDTOETS MOET KAN TOEPAS OP ’N NUWE EN ONGESIENE TEKS IN NEDERLANDS.

JOU FASILITEERDER/STUDIEHULP MAG VRA OM DIE WERKBOEK WEEKLIKS TE KONTROLEER.

(DIE EINDTOETS SAL IN PRESIES DIESELFDE FORMAAT WEES AS DIE VRAE IN TEMA 4 – 13 MAAR DIT SLUIT OOK ‘N ONGESIENDE VERTALING VAN NEDERLANDS NA ENGELS/AFRIKAANS IN.)

DIE GRAMMATIKA-OORSIG BEVAT:

1. SPELLINGSVERSKILLE TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS
2. KLANKVERSKILLE TUSSEN DIE TWEE TALE
3. WOORDGESLAG
4. LIDWOORDE **(DE** EN **HET**)
5. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE
6. WERKWOORDLYS EN WERKWOORDVERVOEGINGS:
   - 6.1. **PRESENS**
   - 6.2. **PERFEKTUM**
   - 6.3. **PLUSQUAMPERFEKTUM**
   - 6.4. TOEKOMENDE TYD
7. VOORNAAMWOORDE – PERSOONLIK, BESITLIK, VRAEND, ENS.
8. NEDERLANDSE IDIOMATIESE WOORDESKAT

## 6.2. ‘N KRIPTIESE OPSOMMING VAN DIE WERKWOORDSTRUKTUUR

‘N KORT OPSOMMING OOR DIE GEBRUIK VAN DIE WERKWOORDSTRUKTUUR VERSKYN IN DIE BOEKRAK: GRAMMATIKAGIDS .

## 6.3. KONTROLELYS VIR ASSESSERINGS:

/ /

1. **WOORDESKATTOETSE**
2. / **UITSPRAAKTOETS** GRAPPIETEKSTE
3. **DIALOOGOPNAME**
4. **FILMSKRYFOPDRAG** IN NEDERLANDS
5. **MONDELINGE OPDRAG** IN NEDERLANDS
6. **EINDTOETS** (GRAMMATIKA, VERTALING)
7. **SPREEKOEFENINGE** (ACAPELA BOX)

**DIE EINDE!**

## 7. BRONNELYS

Commented [KC5]:

DIE PRAKTIESE KONTROLEGIDS VAN DIE NEDERLANDSE GRAMMATIKA IN VERGELYKING MET DIE AFRIKAANSE GRAMMATIKA IS GROOTLIKS SAAMGESTEL UIT ONDER MEER DIE VOLGENDE BRONNE:

Conradie, C.J. 1986. *Taalgeskiedenis.* Pretoria: Academica.

Den Boon, C.A. & Geeraerts, D. (hoofdred.). 2005. *Van Dale Groot woordenboek van de Nederlandse taal.* (Veertiende uitgave). Utrecht: Van Dale Lexicografie.

De Villiers, M. 1969, 1978. *Nederlands en Afrikaans.* Kaapstad: Nasau.

Ehlers, D & Van Beek, P. 2004. *Oranje Boven. Nederlands voor Zuid-Afrika.* Pretoria: Protea Boekehuis.

Fontein, A.M. & Perscher - ter Meer, A. 2004. *Nederlandse Grammatica voor Anderstaligen.* Utrecht: Nederlands Centrum Buitenlanders (NCB).

Jansen E. & Olivier*.* G. 1986. *Praktiese Nederlands.* Pretoria: Academica.

*Mooipraat uit Zuid-Afrika*. 2003. Hoogeveen: Libro Books.

*Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal.* 1977. 'S-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

KULTUURTEKSTE EN FOTO'S VIR LEGKAARTE:

NEDERLAND

Constant, J.G. 1989. *De mooiste steden van Nederland.* Amsterdam: Reader's Digest & ANWB.

BELGIË

Cornelis, J. 1976. *Vlaandere in Vogelvlucht.* Brussel: Uitgeverij Airprint.

GRAPPIES:

Bauweleers, G. 2007. *Lach je te pletter*. Aartselaar: Deltas.

(Reader's Digest: http://www.readersdigest.nl. Dag bezoeken: 24 Februarie 2009) Reader's Digest, juli/augustus 2009.

**19 Februarie 2019**